
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

*Vertroulik*

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**RELIGIESTUDIES V2**

**NOVEMBER 2025**

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.
2. Beantwoord enige DRIE vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Lees AL die vrae aandagtig deur.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.
7. Skryf netjies en leesbaar.


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 1

1.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **DONKER WOLK VAN DWELMMISBRUIK HANG OOR SKOOLKINDERS IN SOWETO**
>
> Suid-Afrika staan voor 'n groeiende probleem van middelmisbruik en verslawing, veral onder jongmense. Dit sluit alkohol en 'n groeiende reeks dwelms in.
>
> In Gauteng het Premier Panyaza Lesufi dit as 'n voorkeurkwessie geïdentifiseer. Ten spyte hiervan, is daar verbasend min programme, mense en geakkrediteerde fasiliteite om die probleem aan te pak. Met nuwer en goedkoper dwelms algemeen op straat beskikbaar, word ouerskap al hoe moeiliker. Seuns begin op die ouderdom van 12 dwelms te rook, maar niemand weet wie dit aan hulle verkoop nie.
>
> [Bron: *Daily Maverick*, 10 Mei 2023]

1.1.1 Noem en verduidelik TWEE oorsake wat tot middelmisbruik in Suid-Afrikaanse skole bydra. (8)

1.1.2 Bespreek die impak van middelmisbruik in skole. (10)

1.2 Dink jy dat die wettiging van dwelms (bv. alkohol, dagga) in die samelewing sal help om middelmisbruik te verminder? Gee redes vir jou antwoord. (10)

1.3 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, bespreek die leringe daarvan wat spesifiek aandag aan die probleem van middelmisbruik gee. (12)

1.4 Stel praktiese strategieë voor wat godsdienstige organisasies kan gebruik om die probleem van middelmisbruik te oorkom. (10)
**[50]**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2**

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **SENTRALE LERINGE**
>
> Ten einde verskillende godsdienste te verstaan, begin ons dikwels deur die hoofleringe waaruit 'n spesifieke godsdienstige tradisie bestaan, te ondersoek. Deur hulle leringe dra elke godsdiens aan hulle volgelinge oor waarom die wêreld is soos dit is asook hulle plek en verantwoordelikheid daarin.
>
> [Bron: *FOCUS on Religion Studies, Grade 12*]

Met verwysing na die sentrale leringe van enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, beantwoord die volgende vrae:

2.1.1 Bespreek die konsep van *beloning en straf*. (10)

2.1.2 Bespreek die oorsprong en rol van boosheid. (10)

2.2 Bespreek krities die rol van rituele in verskillende godsdienste. (10)

2.3 Bespreek die verskillende rolle wat deur mondelinge tradisie gespeel word in enige TWEE godsdienste wat jy bestudeer het. (2 x 4) (8)

2.4 In die konteks van godsdienste, verduidelik wat met *inspirasie* bedoel word. (12)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 3

3.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ORGANISASIES WAT INTERGODSDIENSTIGE DIALOOG BEVORDER**

Die eerste Parlement van die Wêreld se Godsdienste is in 1893 in Chicago in Amerika gehou met die doel om 'n wêreldwye dialoog van godsdienste te skep. Sedert daardie gebeurtenis was daar verskeie verdere parlemente. Godsdienstige organisasies in Suid-Afrika en in die hele Afrika werk tans saam.

[Bron: *FOCUS on Religion Studies, Grade 12*]

3.1.1 Die Parlement van die Wêreld se Godsdienste het multi-godsdienstige samewerking deur verskillende strategieë meegebring. Bespreek die werk van hierdie organisasie met relevante voorbeelde. (12)

3.1.2 Noem enige VYF prestasies van die Interfaith Action for Peace in Africa (IFAPA). (10)

3.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INTERNE VERSKILLE**

Alhoewel elke godsdiens nie-onderhandelbare oortuigings het, is dit onvermydelik dat daar verskille ten opsigte van interpretasie en praktyk sal wees.

[Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*]

3.2.1 Met verwysing na enige EEN godsdiens wat jy bestudeer het, noem TWEE van hulle vertakkings. (4)

3.2.2 Vergelyk die interne verskille van die vertakkings wat jy by VRAAG 3.2.1 genoem het onder die volgende opskrifte:

(a) Leringe/Oortuigings (8)

(b) Praktyke (8)

(c) Bestuur/Beheer/Leiding (8)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **GODSDIENS EN DIE NATUURWETENSKAPPE** |
|---|
| Darwin se evolusieleer gee 'n alternatiewe verduideliking vir die oorsprong van die mens. Alhoewel evolusie nie godsdienstige idees oor die skepping direk weerlê (teenspreek) nie, is dit duidelik dat dit geen verduideliking as deel van 'n goddelike plan aanbied nie. |
| [Bron: *FOCUS on Religion Studies, Grade 12*] |

4.1 Bespreek die wetenskaplike verduideliking van hoe mense ontstaan het. (10)

4.2 Bespreek die verskillende reaksies van die volgende godsdienste op Darwin se evolusieleer:

4.2.1 Hindoeïsme (12)

4.2.2 Judaïsme (12)

4.3 Vergelyk die wetenskaplike en die godsdienstige verklarings van hoe die heelal ontstaan het. (2 x 8) (16)
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **SEKULÊRE WÊRELDBESKOUINGS** |
|---|
| Die meeste moderne Westerse demokrasieë is sekulêre state, dit is, hulle glo aan die skeiding van kerk en staat. In die Verenigde State van Amerika, byvoorbeeld, is daar geen amptelike godsdiens nie en godsdienstige instansies het geen konstitusionele reg om 'n direkte rol in die ontwikkeling van siviele reg te speel nie. |
| [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies, Grade 12*] |

5.1 Wat is die faktore wat tot die ontwikkeling van sekularisme gelei het? (10)

5.2 Bespreek DRIE voordele en DRIE nadele van sekularisme vir die samelewing. (12)

5.3 Vergelyk die leringe van enige TWEE sekulêre wêreldbeskouings wat jy bestudeer het. Tabuleer jou antwoord. (16)

5.4 Suid-Afrika is 'n sekulêre staat. Bespreek hoe die Suid-Afrikaanse regering respek, verdraagsaamheid en begrip van alle godsdienste bevorder. (12)
**[50]**

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African